

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 9-1:1, 2 (26:1, 2)

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,  
deur wolke<sup>en</sup> donkerheid omsweve, / sy wet op Horeb het gegee:
- 2 Ek is die HEER, jou God en Koning, / wat uit Egipte jou bevry;  
jou uitlei uit jou slaafse woning: / dien dan geen gode buiten My.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 96:1, 2, 6 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke,  
en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 2 Verkondig nou sy roem en eer / by al die nasies, onder / die volke: sterkte<sup>en</sup> wonder;  
want groot, lofwaardig is die HEER. / Vreeslik in heerskappy / bo al die gode<sup>is</sup> Hy.
- 6 Verkondig nou van mond tot mond: / oor al wat is, regeer Hy, / oor onreg triomfeer Hy –  
dus is die wêreld vas gegrond. / Die volkestryd beslis / Hy wat regverdig is.

Gebed

Psalm 29:1, 2 (p. 135)

- 1 Eng'lemagte, loof die HEER, / gee die HERE sterkte en eer!  
Al die duisende tesaam – / sing die ere van sy Naam!  
Eng'le, trone, heerskappye – / laat dit opklink uit jul rye!  
Dien God, groot deur almagsdade, / in die skoonste feesgewade!
- 2 Dis sy stem wat, hooggedug, / rol en ratel deur die lug  
as die onweerstorme woed / bo die donker watervloed;  
en dit klink met groot vermoë / majesteitlik deur die boë;  
alles beef en staan verwonder / as die God der ere donder.

**Skriflesing:** Eksodus 20:1-21

**Kernverse:** Eksodus 20:3

**Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.**  
(Eksodus 20:3 AFR53)

**Tema:** Daar is geen god nie behalwe God alleen

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die afgelope maand het ons by Eksodus 19:1 tot 20:2 stilgestaan. Die Here het die volk wat Hy tussen al die ander nasies uitgekies het na Hom toe gebring by die berg Sinai. Met Israel het die Here 'n besondere verhouding – hulle is sy kosbare eiendom.

In die aanloop tot die afkondiging van sy Tien Gebooe het die Here dit twee maal duidelik gesê dat Hy heilig is. Daarom moet die volk hulleself ook reinig om Hom te ontmoet. Niemand mag deurbreek om op die berg te kom om na die Here te kyk nie. Net Moses mag op die berg kom – nie omdat hy heiliger is as die ander mense nie – maar omdat die Here gekies het om met Moses persoonlik te praat terwyl die volk hoor hoe Hy met hom praat.

Verlede Sondagaand het ons gehoor met watter gesindheid die Here sy Tien Gebooie aan sy volk afkondig. Hy is die soewereine God wat deur die verlossing beslag gelê het op Israel se lewe as volk. As soewereine God het Hy ook op my en jou hele lewe beslag gelê met die kosbare bloed van Jesus Christus. Wanneer ons dan die Tien Gebooie hoor, hoor ons hoe lyk die lewenstyl van mense wat vrygemaak is deur Jesus Christus. Die feit dat Christus ons vrygemaak het van die heerskappy van die Satan en die mag van die sonde is al rede genoeg hoekom ons hierdie nuwe lewenstyl ons lewenstyl sal wil maak.

Daar is egter nog meer aan die Tien Gebooie waarmee die Heilige Gees ons wil motiveer om anders as die wêreld rondom ons te lewe. Wanneer die Here later in Levitikus 19 sy voorskrifte oor 'n klomp goed gee, begin Hy deur te sê:

**Heilig moet julle wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig.**  
(Levitikus 19:2 AFR53)

En keer op keer herhaal die Here in daardie hoofstuk na elke voorskrif:

**Ek is die HERE julle God.** (Levitikus 19:3b AFR53)

Met daardie eerste woorde en die herhaling sê die Here telkens hoe Hy is. En omdat Hy so is, wil Hy hê dat die mense wat aan Hom behoort ook so moet wees. In elkeen van die Tien Gebooie maak die Here 'n aspek van sy karakter aan ons bekend. En omdat Hy so is, wil Hy dat ons ook so moet wees.

Voordat ons gaan luister wat die Here in die eerste gebod aan ons openbaar, moet ons eers hierdie twee opmerkings aangaande die Tien Gebooie maak. Die eerste opmerking hou verband met wat ons nou reeds gesê het. Die Tien Gebooie is die raamwerk van die lewenstyl van mense wat vrygemaak is. Daarom noem Jakobus die Tien Gebooie ook die wet van vryheid (Jak 2:25). As ons dit sê, sal daar beslis mense wees wat protesteer.

Hulle sal opmerk: Luister net hoe die Tien Gebooie klink. Dit is so negatief – agt van die tien Gebooie begin met die woorde *jy mag nie*. En omdat dit so negatief oorkom, voel die mense dat hulle lewens ingeperk word. Maar luister eers hierna: 'n Negatiewe bevel is meer bevrydend as 'n positiewe bevel. 'n Positiewe bevel beperk jou tot net een aksie. Ouers gee aan hulle kinders graag sulke positiewe opdragte sodat die kind se aandag beperk kan word tot wat hy nou moet doen, want alle kinders se aandag word maklik afgelei na wat hulle nie moet doen nie. 'n Negatiewe bevel maak egter 'n verskeidenheid van aksies vir 'n mens oop terwyl net een aksie verbied word.

Die liefdesgebod wat die Here aan Adam en Eva in die tuin van Eden gegee het, is 'n volmaakte illustrasie hiervan. Omdat die Here gesê het dat hulle van net een boom – die boom van kennis van goed en kwaad – nie mag eet nie, het die hele tuin se bome voor hulle gestaan om van te eet. En ons eerste ouers het hierdie vryheid om van al die ander bome te eet, geniet solank as wat hulle hulleself gehou het aan die gebod van die Here.

Die tweede opmerking volg op die hakke van die eerste een en dit is ook al genoem. Hedendaagse mense vermy die Tien Gebooie en die rede wat hulle aanvoer? Ons is onder die genade en nie meer onder die wet nie. Met hierdie stelling maak hulle asof die wet tot die Ou Testament behoort en dit is nou verby. Ons lewe in die Nuwe Testament en daarom geld die Tien Gebooie nie meer vir Christene nie.

Geliefdes, wanneer die Heilige Gees in Hebreërs vir ons wys op die noodsaak van die nuwe verbond en die besonderse offer van Christus, haal Hy Jeremia 31:31-34 aan (Hebreërs 8:7-10; 10:11-18). Daar word gewys op die tekortkoming in die ou verbond – die volk het die eksklusiewe verhouding met die Here verbreek. Dit is dieselfde as 'n huwelik wat verbreek word deur owerspeling.

Aangesien die mense nie aan die eise van die wet kan voldoen nie, verlaag die Here nie sy standaard van gehoorsaamheid nie. Hy hef die mense eerder op. Sy wet bly dieselfde, maar deur die Heilige Gees skryf Hy die wet op die tafels van hulle harte. Die Heilige Gees bewerk 'n nuwe gesindheid en 'n nuwe persoonlikheid – 'n gesindheid en 'n persoonlikheid om met die wet ooreen te stem. Sodoende bring Hy die ware geaardheid van die mens wat na God se beeld geskep is na vore – dit is die geaardheid om gehoorsaam te wil wees.

En die enigste rede waarom die Here God dit met mense doen, is omdat Hy vir eens en vir altyd met die sonde afgereken het. Omdat Christus se bloed volledig vir die sondes van mense aan die kruis betaal het, was die bloed van Christus alle herinnering aan enige sonde uit die geheue van God uit van die mense wat vergifnis by God ontvang.

Die waardes van Sinai word dus in die lewens van die Nuwe-Testamentiese mense oorgedra. Vir ons geld absolute gehoorsaamheid aan die Here nog net so as die bewys dat God ons in sy verbond ingesluit het. Daarom bly dit steeds vir ons voordelig om die Tien Gebooe te hoor en te bestudeer.

Broers, susters en kinders, in die wyse waarop die Here sy Tien Gebooe saamgestel het en afgekondig het, hoor ons saam met Israel dat ons in die eerste plek verantwoordelik teenoor Hom is. Ons verhouding met God is die eerste en die grootste en die belangrikste. Jesus sê self dat die eerste en grootste gebod ons liefde vir God is (Matt 22:37-38). Daarom is ons verantwoordelikheid en plig teenoor God nie dieselfde as ons verantwoordelekheid en plig teenoor enigiemand of enigiets anders nie. Ons kan ook nie ons plig teenoor God verwar of vermeng met ons ander verantwoordelikhede nie.

Om hierdie rede kan ek nie my toegewyde hulp aan diegene wat in fisiese ellende verkeer en die opheffing van armlastiges as my enigste diens aan God beskou nie. Hoe mooi en lofwaardige sulke dienswerk ook al is, dit bly net humanitêre pligte en sosiale besorgdheid as God nie prioriteit in my lewe het nie. Die diens, liefde en gehoorsaamheid wat ons aan die Here verskuldig is, moet duidelik onderskei word van al ons ander pligte. Alles wat ons aan God verskuldig is, kom altyd eerste en voor enigiets anders in ons lewe. Daarom begin die Here met hierdie eerste gebod:

**Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.** (Eksodus 20:3 AFR53)

Laat ons eers luister na wat die Here ons in hierdie eerste gebod verbied. Ons mag geen ander gode voor God se aangesig hê nie. Met hierdie eerste gebod stel die Here baie duidelik dat sy verhouding met sy volk en hulle verhouding met Hom 'n eksklusiewe verhouding is. Vir ons mense is daar net een God – die God van hemel en aarde.

Israel moes in hierdie woorde weer hoor wat die Here vir hulle gedoen het. Voor hulle oë het Hy hulle en sy vyande – die Egiptenaars – verneder en Israel uit die houvas van die Egiptenaars verlos. Soos op arendsvlerke het Hy Israel gedra en na Hom toe gebring. Die Here het sy uitsluitlike liefde vir Israel verklaar en bewys. Daarom sal God uitsluitlik hulle God wees. Hulle sal nie en mag nie ander gode soek nie.

Ons hoor in hierdie woorde wat God ook vir ons gedoen het. Hy het sy enigste Seun mens laat word om ons van die heerskappy van die Satan en die mag van die sonde te verlos. Sy liefde vir ons het Hy aan ons verklaar – nie net in woorde nie, maar veral in daede. Met groot sorg het Hy ons van Homself geleer sodat ons mag weet dat Hy ons God is en sy Seun ons enigste Verlosser is. Langs die weg wat Christus vir ons met sy liggaam en bloed oopgemaak het, lei die Heilige Gees ons met die Woord na God toe. En vir ons sê die Here God: Jy is Myne, en Ek is jou God.

Hierdie verhouding is eksklusief soos 'n huwelik. In die huwelik is daar vir die vrou nie plek vir nog 'n man nie, en vir die man is daar nie plek vir nog 'n vrou nie. In ons verhouding met God is daar nie plek vir nog gode nie.

Wanneer die Here in die eerste gebod van ander gode praat, sê Hy glad nie dat daar iets soos ander gode naas Hom bestaan nie. Hy getuig immers onteenseglik dat Hy die enigste God is. Buiten Hom is daar geen ander gode nie. Maar die Here weet dat ons in 'n wêreld lewe wat vervalde geraak het. Die hele wêreld se mense erken God nie meer as die enigste God nie. Ons lewe in 'n wêreld waarin mense die bestaan van ander gode erken en hierdie sogenaamde gode word met groot ywer gedien en aanbid.

Geliefdes, daar bestaan in werklikheid geen ander gode nie, maar mense skep vir hulleself gode wat hulle dan aanbid en dien. Wanneer ons in die Bybel lees van die wreedheid van kinderofferandes wat die Moabiete aan hulle afgod Molog gebring het, deins ons terug en vra: Hoe kon mense hulleself so laat mislei het? As ons nie ons doopbelofte nakom en ons kinders opvoed as kinders van die Here nie, offer ons hulle ook aan die Satan.

Maar dan lees ons ook van die diens aan die afgode Baäl en Astarte wat in die beloofde land aan die orde van die dag was. Die diens aan hierdie afgode het gepaard gegaan met die belofte van materiële voorspoed, en die uitlewing van diens aan hierdie afgode het seksuele eksperimente ingehou. Dan verstaan 'n mens dat afgodery aanloklik en verleidelik is. Molog, Baäl en Astarte het nie regtig bestaan nie, maar die diens aan hierdie versinsels van die mens se sondige gedagtes was springlewendig en dit het baie mense op hulle knieë gehad voor hierdie leuens.

Vir Israel was hierdie gebod tydig. Hulle is die nageslag van afgodsdienaars. Abraham het in die jare voordat God hom geroep het na alle waarskynlikheid die afgode van Ur gedien, soos wat Josua daarna verwys (Jos 24:14-15). Ragel die lieflingvrou van Jakob was nog geheg aan die huisgode van haar pa. En die land wat die Here vir sy volk as erfdeel beskik het, is vol afgodsdienaars.

Wanneer Israel uiteindelik in die beloofde land kom, sal hulle omring wees deur afgodsdienaars. En hoe maklik sal dit vir hulle wees om te sê: Die tye het verander en ons het nou nuwe behoeftes en daarom moet ons nuwe oplossings vir ons nuwe situasie vind. Dan is die verleiding daar om die gewoontes en waardes van die heidene aan te neem en om te doen wat die heidene as nuttig en prakties beskou het, naamlik om die gode wat daar gedien word vir die verskillende terreine van die mens se lewe te aanbid en te dien.

Dit mag nie gebeur nie. Die Here is die enigste God. Buiten Hom is daar geen god nie. Daarom moet ons die woorde **voor my aangesig** op twee maniere verstaan. Dit het met tyd en ruimte te doen. Om hierdie woorde in terme van tyd te verstaan, moet 'n mens lees wat in Genesis 11:28 geskryf staan. Wanneer dié vers letterlik vertaal word, klink dit so: *En Haran het voor die aangesig van sy vader Tera gesterf*. In ons Afrikaanse vertalings is die woorde **voor die aangesig** so vertaal dat dit beteken dat Haran gesterf het toe sy vader Tera nog geleef het.

Die woorde **voor my aangesig** dui ook ruimte of plek aan. As ek iets voor iemand se aangesig doen, sê ek dat ek dit in sy teenwoordigheid doen. Wanneer ons nou hiermee terugkeer na die eerste gebod dan hoor ons dat solank as wat die lewende God lewe en solank as wat die alomteenwoordige God teenwoordig is, mag ons geen ander gode aanbid of dien nie. Aangesien God ewig is, is Hy vir ewig lewendig. Aangesien God alomteenwoordig is, daar is nie 'n plek in die skepping waar God nie teenwoordig is nie. Dus mag ons nooit en nêrens ander gode aanbid en dien nie.

Miskien het jy en ek tot sover geluister en gedink: Dankie tog, ek het nog nie voor 'n afgod gebuig nie. Wat die eerste gebod dan betref, is ek nog op die regte pad. Maar is dit regtig so, geliefdes? Ons aanbedding van die enigste God word vandag nog net so uitgedaag soos in die tyd van Israel. Die aanloklikheid om God nie as die enigste god te erken nie, is vir ons net so erg as wat dit vir Israel was.

Ons lewe in 'n tyd waarin die samelewing verbind is tot relativisme en pluralisme. Relativisme sê daar is nie so iets soos absolute waarheid nie. Pluralisme sê die enigste manier om in vrede met ander mense met hulle verskillende sienings te lewe, is om relativisme te aanvaar. Die relativis sê daar is nie net een waarheid nie. Die pluralis sê as jy wil oorleef, moet jy erken dat daar nie net een waarheid is nie.

As ons in 'n klooster geleef het en die wêreld vermy het, sou hierdie beginsels ons nie gepla het nie. Maar as Gereformeerdes leef ons in die wêreld waarin die Here ons stuur. Ons kinders hoor en bely daar is net een God wat aanbid en gediens moet word. Maar by die skool en in die werkplek kry hulle en ons met mense te doen wat Moslems, Hindoes en ateïste is. Die wêreld dring ons in die rigting om saam te stem dat die Moslems en Hindoes se gode net so waar is soos ons God. Die wêreld pluk aan die nederige snaar en sê 'n mens is tog net nederig as jy erken dat ander gode ook waar kan wees. Die wêreld sal ons aanvaar wanneer ons erken daar is nie absolute waarheid nie, dat ons God nie die enigste God is nie en dat die Here Jesus Christus nie die enigste weg tot verlossing is nie.

Die oplossing vir hierdie uitdaging is nie om almal wat nie met ons saamstem nie dood te maak soos wat die Moslems doen nie. Nee, ons verdra hierdie mense met hulle valsheid, omdat ons erken dat hulle ook mense na die beeld van God is, maar ook mense wat nog in diepe ellende en sonde verkeer. Daarom kan ons vir hulle sê: Ek verskil van jou en ek is oortuig dat wat ek glo die waarheid is en dat wat jy glo vals is, maar ek het jou steeds lief. En ons bewys hierdie liefde teenoor hulle deur die vrug van die Gees teenoor hulle te openbaar in woorde en werke.

Nog 'n manier waarop ons gedring word om af te sien van die eerste gebod kom van die liberaliste. Die liberale mens het die verwaande idee dat die Woord van God net 'n klomp verhaaltjies van mense oor God is. En daarom kan ons nie alles daarin as die waarheid aanvaar nie. Dan wil die liberale mens God herdefinieer. Hedendaagse mense wil God mos nie ken as die regverdige God wat die sonde haat en veroordeel nie. Hulle hang die begrippe *liefde* en *genade* aan, want so alleen wil hulle vir God hê. Hulle sê dit is afskuwelik dat ons kan glo in 'n God wat sy eie Seun doodgemaak het oor ons sondes.

Geliefdes, God pas nie in die boksies in waarin ons Hom wil hê nie. Ons mense definieer God nie. God openbaar Homself en sê self hoe Hy is. Hy is regverdig en Hy is genadig. Hy is God en net Hy alleen. Ons moet by Hom en sy openbaring aanpas en Hom nie by ons skewe denke probeer indruk nie.

Dit is moontlik dat relativisme, pluralisme en liberalisme nog vir ons goed daar buite is en ons kan dit vermy en daarvan wegvlug. Maar onthou, ons almal dra in ons nog 'n geaardheid wat graag hierdie gebod wil verontagsaam. Ons geaardheid om roem en voorspoed te wil hê en om deur mense aanvaar te word, is net so 'n groot bedreiging. Wanneer soeke na hierdie dinge by my oorheersend word, neem dit my hele bestaan oor. Ek beleef 'n leegheid in my wat ek wil vol maak. En ek dink as ek eers deur mense aanvaar word, sal ek gelukkig wees. En sonder dat ek dit regtig agtergekom het, het hierdie goed of mense of ekself god geword in my lewe.

Wat dreig om 'n afgod in my en in jou lewe te word? Sê ons te vinnig: Niks? Dan moet ons op hierdie vrae antwoord: Waarvan hou ons die meeste? Wat begeer ons die meeste? Wat wil ons die graagste hê? Waarna streef ons die meeste? Waaraan dink ons die meeste? Die antwoorde op hierdie vrae

gaan duidelik maak of God nog steeds ons enigste God is of nie. Die Here leer ons: Solank as wat die lewende God lewe en solank as wat die alomteenwoordige God teenwoordig is, mag ons geen ander gode hê nie.

Ons het nou gehoor wat die Here nie wil hê ons moet doen nie. Kom ons luister nou wat Hy ons gebied – wat wil Hy hê moet ons doen. Ons moet God alleen dien en Hom alleen aanbid. Daar is twee maniere waarop ons dit doen. Ons doen dit gesamentlik as 'n gemeenskap van heiliges en elkeen van ons afsonderlik met ons hele lewe.

Ons kom saam in die eredienste om in aanbidding voor God te buig. Die woord *erediens* sê dat ons aan God eer en dank en lof wil toebring omdat Hy God is. Aan Hom het ons alles te danke vir wat ons is en het. In sy teenwoordigheid kom ons niks kort nie, want Hy is ons herder. Is dit ook hoekom ek en jy vanaand in hierdie erediens is? As ons ja antwoord, dan buig ons in aanbidding voor Hom, want Hy is waardig om al ons lof en dank te ontvang. Dan kom ons nie na die erediens om net 'n boodskap te ontvang nie. Ons is ook nie hier om krities te wees oor alles wat hier gedoen word en gebeur nie. Ons gaan ook nie maar net bewusteloos deur die bewegings nie. Ons gesindheid is om aan ons enigste God alles te bring wat ons aan Hom verskuldig is.

Heelhartig dien ons die Here almal saam in die erediens. Maar ons diens en aanbidding hou nie op wanneer ons vanaand *amen* gesê het nie. Elkeen van ons gaan God ook dien en aanbid met ons hele lewe. Hoor hoe duidelik het Paulus dit vir ons geskryf in Romeine 12:

**Op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesentlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.** (Romeine 12:1 AFR83)

Om jou hart vir die Here te gee, is goed en mooi en reg. Maar dit is nie al wat Hy wil hê nie. Hy wil alles van ons hê. Hy wil my verstand, my hart, my hande, ja alles, wil Hy hê, want Hy het alles van Hom vir my gegee. Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgegee sodat ek en jy lewe om Hom te dien.

Geliefdes, ons sluit af. **Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie** (Eksodus 20:3 AFR53) is bevrydend. Ons hoef nooit te wonder of ons iemand oorgeslaan het aan wie ons nog eer en dank moes bring nie. Ons God is **ewig, onveranderlik, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is** (Nederlandse Geloofsbelofte, Artikel 1). Daarom sal dit dom wees om vervulling by enigiemand of enigiets anders te soek. Hy is die Bron van alles wat ons nodig het. Ons God is uniek, want Hy is die enigste lewende God. Afgesien daarvan dat ons Hom alleen moet aanbid en dien, moet ons ook nie terugdeins om uit te staan in 'n wêreld waar baie verskillende sogenaamde gode gedien word nie. Ons is immers die kosbare eiendom van die almagtige God. Laat ons dan nie skaam wees oor ons verbondenheid aan Hom en sy Woord nie.

En laastens: Calvyn het in sy *Institusie* opgemerk dat wanneer 'n mens 'n ander god wil aanhang en dien, is dit net so goed jy liefkoos iemand anders in die teenwoordigheid van jou vrou of jou man. Mag ons nooit vergeet hoe eksklusief God se verhouding met ons is en ons s'n met Hom moet wees nie.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 73:11, 12 (p. 369)

- 11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?  
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aarde<sup>in</sup> kan verlustig?  
Beswyk dan ooit in bittersmart / of bange nood my vlees en hart,  
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my eewge goed.
- 12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.  
U roei hul uit wat U gesmaak het, / in troueloosheid U verlaat het.  
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.  
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
6 Oktober 2013